



SMELTING VAN LOOD OM SINKERS TE MAAK IS BAIE GEVAARLIK!

Wat is die probleem?


Langs ons lang kuslyn, asook in ons riviere en mere, is daar talle Suid-Afrikaners wat om kommersiële, bestaans- en ontspanningsdoeleindes visvang. Visvang, asook duik, behels dikwels die smelting van lood om sinkers of gewigte te maak. Ongelukkig smelt baie mense lood sonder om te beseft dat dit ernstige besoedeling van die omgewing kan veroorsaak. Die praktyk is ook baie gevaarlik vir die gesondheid van diegene wat die lood smelt, asook van hulle families en vriende. Studies wat deur die Mediese Navorsingsraad onderneem is, het aangedui dat hopeloos te veel kinders in Suid-Afrikaanse vissersdorpe aan loodvergiftiging ly.

Hoe word die probleem veroorsaak?

- Wanneer lood gesmelt word, word fyn, giftige deeltjies gevorm wat lang afstande kan reis en vir 'n baie lang tyd in die omgewing kan bly;
- Looddampe kan maklik ingeasem en deur die bloedstroom na die brein en ander organe vervoer word;
- Deeltjies van lood kan op die grond, klere, vel en hare, speelgoed, tafels en ander meubels, asook in huisstof neersak. Hierdie deeltjies lood kan lank nadat die smelt van lood voltooi is, agterbly. Oor tyd kan die fyn looddeeltjies by wyse van hand-tot-mond in die liggaam opgeneem word.

Hoe word kinders deur lood benadeel?

Kinders loop veral 'n hoë risiko van blootstelling aan lood, want hulle is geneig om speelgoed, stokkies, klippe of ander items wat met loodstof bedek mag wees, in hulle mond te sit. Sommige kinders het 'n toestand genaamd pika, wat 'n gewoonte is om nievoedsame items soos sand, verf, sigaretstompies of vuurhoutjies te eet. Kinders bestee ook aansienlike speeltyd op die grond en word sodoende aan baie meer lood in sand en stof as volwassenes blootgestel.



Hoë vlakke van lood in die bloed kan die volgende gesondheids- en sosiale gevolge inhou:

- verlaagde IK;
- leerhindernisse, veral met lees en wiskunde;
- hiperaktiwiteit en swak konsentrasie;
- gehoorverlies;
- bloedarmoede ("swak" bloed wat moegheid en kortasem kan veroorsaak) en abnormale groei;
- permanente spiervlamming, breinskade, koma en die dood kan 'n gevolg van baie hoë vlakke blootstelling wees.



Wat jy kan doen om loodvergiftiging in jouself en jou familie te voorkom

- Mees belangrik: probeer om glad nie lood te smelt nie.
- Indien moontlik, maak gebruik van veiliger, nie-lood sinkers soos die wat van tin, wolfram, staal of bismut gemaak is;
- As dit noodsaaklik is dat jy lood moet smelt, dra sorg dat dit in 'n veilige plek gedoen word. Moet nie lood binne jou huis of in 'n plek waar kinders speel, smelt nie;
- Kinders moet weggehou word van waar lood gesmelt word;
- Verseker dat kinders se speelgoed ver weg is van die plekke waar lood gesmelt word;
- Werk in 'n goed belugte area;
- Hou jou werkarea soon en gebruik water en seep of 'n ander skoonmaakmiddel om stof van werkoppervlakke, mure en vloere te verwyder;
- Beskermdende klere, soos sekere soorte stofmaskers en handskoene, kan help om blootstelling aan lood te verminder;
- Was jou hande deeglik met seep en water nadat jy lood gesmelt het;
- Verwyder die klere en skoene wat tydens smelting van lood gedra is en was dit afsonderlik van ander klere. Moenie klere wat tydens die smelting van lood gedra is, binne die huis neem nie;
- Stort of bad nadat lood gesmelt is en maak die bad of stort deeglik skoon voordat enigiemand anders dit gebruik;
- Berg jou loodsinkers, asook alle toerusting en toebehore wat vir smelting gebruik is, buite bereik van kinders;
- Moet nooit 'n loodsinker in jou mond sit nie;
- Hou die huis skoon deur seperige water te gebruik om vloere te mop, eerder as om net met 'n droë besem te vee. Die huis moet ook afgestof word, veral die vensterbanke, met 'n lap wat in seepwater gedompel is, eerder as met 'n droë stoflap of stoffer;
- Hou jou vingernaels kort en skoon – en veral jou kinders s'n;
- Was jou kinders se hande so dikwels as moontlik, veral voordat hulle eet en nadat hulle in sanderige of stowwerige areas gespeel het;
- Moet nie lood smelt in areas waar vrugte en groente gekweek word nie;
- Was alle vrugte en groente deeglik af voordat dit geëet word;
- Raai jou kinders sagkens af om nie hulle naels te kou of hulle hande of nievoedsame items in hulle mond te sit nie.



As jy besorg is dat jy of a 'n kind loodvergiftiging mag hê, praat met jou dokter oor 'n bloedloodtoets.

